## 25 Januarie Josua 1:10-18

### *Staan mekaar by*

Is ons ingestel op die belang en stryd van ons naaste en is ons bereid om uit ons pad te gaan om ander te help? Of leef ons maar elkeen vir homself? Die stamme Ruben en Gad en die helfte van die stam Manasse het reeds hulle grondgebied aan die oostekant van die Jordaanrivier ontvang en betrek. Die weerbare mans uit hierdie stamme word egter ook opgeroep tot diensplig in die verowering van Kanaän aan die westekant van die Jordaan. Die res van die volk het hulle immers bygestaan in die verowering van hulle grondgebied. Daarby is dit ook so dat hulle nie ware rus aan die een kant van die rivier sal kan geniet as die vyande aan die oorkant nie ook onderwerp is nie!

God wil dat ons nie maar net elkeen op ons eie belang ingestel moet wees nie, maar ook moet omsien na die belang van ander. Mense is gemaak om in wisselwerking met mekaar te bestaan. Die uitvoering van die gebod dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself is dikwels baie meer prakties van aard as wat ons dink!

Sing: Skrifberyming 21:4,5 Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)